



ORANIA BEWEGING  
HELPSAAMFONDS

# AFRIKANERARMOEDE



*'n nuwe uitdaging*

Met die oordrag van die politieke mag in Suid-Afrika in 1994 aan die ANC het Afrikaners voor nuwe uitdaginge te staan gekom. Die beskermende staatstrukture wat baie armes ondersteun het, het stap vir stap begin agteruitgaan. Weens regstellende aksie, groeiende misdaad en gebrekkige gemeenskapstrukture het daar 'n nuwe klas armblankes ontstaan.

Navorsing wat deur die vakbond Solidariteit onderneem is, lewer die volgende feite op ten opsigte van wit armoede: "In 1994 was daar 42 000 werklose wittes, teen 2005 was die getal 107 000 – 'n toename van 154%.

Sowat 7000 wit gesinne in Suid-Afrika woon in plakkershutte, informele strukture, tente of woonwaens. Nog 11 000 tot 12 000 wit gesinne woon in gedeelde kamers en woonstelle. As daar in ag geneem word dat in totaal 18 000 tot 19 000 gesinne ter sprake is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat 50 000 of selfs meer kinders deur hierdie

omstandighede geraak word." (Die pad na nêrens. Spesiale ondersoek deur De Wet Potgieter vir die vakbond Solidariteit, 2007).

Baie van hierdie nuwe geslag armes wend hulle dan tot Orania in die hoop om hier weer 'n nuwe toekoms te bou.

*Die onderwys op Orania is privaat, daarom is die skole self verantwoordelik vir befondsing. Die Helpsaamfonds lewer hier 'n belangrike bydrae.*



# ORANIA SE ANTWOORD

Dit is vir Orania nie altyd maklik om hierdie mense te akkommodeer nie weens 'n gebrek aan hulpbronne. Om hierdie rede het die Orania Beweging 'n paar jaar gelede die Helpsaamfonds in die lewe geroep.

## ONS HELP ONS EIE MENSE

Die Helpsaamfonds gee ondersteuning aan verskeie gemeenskaps- en maatskaplike projekte in Orania. So byvoorbeeld ontvang die skole in Orania elke jaar 'n ruim bydrae, wat gebruik word vir onderwysbeurse vir kinders uit gesinne wat nie onderwys kan bekostig nie. Die Helpsaamfonds ondersteun ook die plaaslike kliniek, wat 'n belangrike rol in gesondheidsorg speel en die Orania Maatskaplike Raad.

## WERK WORD GESKEP EN VERBLYF WORD VERSKAF

Die Elim enkelwoningstelsel in Orania wat verblyf verskaf aan jong werkers in Orania, word ook deur die Helpsaamfonds ondersteun. Tans word meer as dertig jongmense hier gehuisves en word daar hard gewerk om die geboue en terrein op te knap. In 'n tyd waar Afrikaners al hoe meer gebuk gaan onder regstellende aksie het dit belangrik geword om vir ons eie mense werk en verblyf te skep. Elim speel hierin 'n belangrike rol.

## MENSE SE SELFSTANDIGHEID WORD VERSTERK

In samewerking met kerkinstellings in Orania word daar ook na kinder- en armsorg omgesien. Soms kom mense verwese hier aan, met 'n paar karige besittinkies in die hande. Orania poog om, binne sy vermoë, aan hierdie mense 'n tweede kans te gee.



*Menswaardige verblyf erken die bydrae van werkers in Orania, daarom dra die Helpsaamfonds ruim by tot wooneenhede by die Elim Arbeidsentrum.*



Die Helpsaamfonds poog om deur sy ondersteuning mense en instellings se selfstandigheid te versterk eerder as om hulle afhanklikheid te verhoog. Daarom rus daar 'n verantwoordelikheid op elkeen wat hom tot Orania wend vir ondersteuning, om ook sy of haar verantwoordelikheid na te kom. Die Helpsaamfonds se geld word nie gebruik om mense te dra wat nie bereid is om hande uit die mou te steek nie. In Orania is daar genoeg werk vir enige een wat vir hom- of haarself 'n nuwe toekoms wil skep.

Daar is nog baie werk wat gedoen moet word. Die Helpsaamfonds is dankbaar vir die ondersteuning wat hy van lede van die Orania Beweging en ander ondersteuners ontvang. Hiermee is verskeie gesinne al gehelp om op 'n lewensvatbare wyse op Orania te vestig en 'n bydae tot die gemeenskap te lewer.



*Eie besighede skep selfstandigheid,  
daarom ondersteun die Helpsaamfonds  
sulke inisiatiewe.*

*Werk word vir Afrikaners  
geskep deur die  
ontwikkelingsprojekte  
waarby die  
Helpsaamfonds  
betrokke is.*

## **Skakelbesonderhede:**

Telefoon: +27 (0)53 2070 062

E-posadres: [oraniabeweging@orania.co.za](mailto:oraniabeweging@orania.co.za)

[www.orania.co.za](http://www.orania.co.za)